higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5

8 Oktober 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 C
1.3 D
1.4 A
1.5 A
1.6 A
1.7 B
1.8 A
1.9 A
1.10 A

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Onwaar
2.4 Onwaar
2.5 Onwaar
2.6 Waar

(6 × 2) **[12]**

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Ordonnansies uitgevaardig deur munisipaliteite

3.1.2 Hoogste reg wat die land beheers

3.1.3 Regstelsel en howe wat regspleging administreer

3.1.4 Word deur die President aangestel om finansiële rekords van staatsinstellings te ondersoek

3.1.5 Metropolitaanse gebied wat die grootste plaaslike munisipaliteit is

3.1.6 Stelsel wat in klein munisipaliteite gebruik word wat nie meer as nege lede het nie waar die volle raad die uitvoerende gesag gesag is

(6 × 2) (12)

Kopiereg voorbehou

3.2
- Die raad raadpleeg eers die OVK om die aantal kiesers te bekom.
- Die verantwoordelike minister gebruik die aantal geregistreerde kiesers om die formule te bepaal vir die aantal raadslede vir elke munisipaliteit.
- Nadat die aantal raadslede vasgestel is, bepaal die raad die aantal wyke.
- Die raad raadpleeg daarna belanghebbers en gemeenskappe voor wyke gefinaliseer word.
- Na finalisering, publiseer die raad sy afbakening van wyke vir die betrokke provinsies in die provinsiale koerant.
- Die LURe se bepaling word ook die Staatskoerant gepubliseer en kennisgewings word in die provinsiale koerant gepubliseer. (6)

[18]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Ja, sy kwalifiseer.
- Sy moet 'n afkoeltydperk van drie maande gedien het voor sy verkiesbaar sal wees.
- Sy moet aan al die kwalifikasies voldoen om 'n raadslid te wees. (3 × 2) (6)

4.2
- As die kandidaat reeds dien en besoldiging van die munisipaliteit ontvang
- As die kandidaat gediskwalifiseer is om in die Nasionale Vergadering te stem
- As die kandidaat 'n lid van 'n ander munisipaliteit is
- As 'n hof die kandidaat onbevoeg verklaar het om 'n openbare amp te beklee
- As die kandidaat langer as drie maande geld aan die betrokke munisipaliteit skuld
- As die kandidaat 'n gade het wat 'n werknemer van die betrokke raad is

(6 × 2) (12)

4.3 Die kiesersrol is 'n lys met name van al die mense wat geregistreer is om te stem. (2)

4.4
- Kieser toon sy/haar ID aan die kiesbeamptes.
- Kiesbeamptes kontroleer kieser se naam op die kiesersrol.
- Kieser se naam word afgemerk op die kiesersrol as bewys dat hy/sy gestem het.
- Kieser se linkerduim word met onuitwisbare ink gemerk as bewys dat hy/sy gestem het.
- Die agterkant van die stembrief word gestempel vir waarmerking.
- Kieser ontvang stembrief en stem.
- By stemhokkie stem kieser vir partye of mense in die geheim.
- Nadat kieser gestem het, vou hy/sy die stembrief en plaas dit in die stembus.
- Kieser verlaat daarna die stemlokaal. (9 × 2) (18)

4.5 Onafhanklike Verkiesingskommissie (2)

[40]

VRAAG 5

5.1
- Wanneer 'n versoek van die Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake ontvang word
- Wanneer 'n versoek ontvang word van die LUR verantwoordelik vir plaaslike regering in die provinsie
- Wanneer 'n versoek ontvang word van die betrokke munisipaliteit
- As ander munisipaliteite in die gebied wat moontlik geraak kan word daartoe instem
- As die Afbakeningraad die versoek aanvoor
- Enige ander instelling met die bevoegdheid om 'n versoek te rig (6 × 2) (12)

5.2 5.2.1 Die raad moet mense en gemeenskappe ondersoek om hul interafhanklikheid te bepaal.

5.2.2 Die raad moet probeer om te verseker dat die deel en verdeling van finansies en administratiewe hulpbronne ontwikkelings-doelwitte bereik.

5.2.3 Die raad moet tradisionele plaaslike gemeenskappe in ag neem wanneer 'n munisipale gebied en buitegrense afgebaken word.

(3 × 2) (6)

5.3
- Munisipaliteite verseker dat die beginsels van openbare administrasie gevolg word.
- Burgers is nader aan munisipaliteite as aan hoër owerhede.
- Munisipaliteite ontwikkel hulle eie fondse en gebruik dit ekonomies.
- Dienste word goedkoop gelewer.
- Munisipaliteite verlig die las van hoër owerhede.
- Verskillende munisipaliteite het verskillende behoeftes en weet die beste hoe om daaraan te voldoen.
- Munisipaliteite is beter geleë om sentrale beleid in werking te stel.
- Munisipaliteite help met die formulering van sentrale beleid.
- Beleid word vinniger in werking gestel.
- Hoër owerhede kan nie hulpbronne ekonomies gebruik nie. (10)

5.4 5.4.1 Dit is die plig van die munisipaliteit om die klimaat in ag te neem wat stede en dorpe ondervind,✓✓ byvoorbeeld oorstromings, aardbewings, ens. om te bepaal watter tipe ontwikkelings nodig is.✓✓

5.4.2 Fauna en flora is verskillende plante, diere, visspesies, voëls en alle lewende organismes✓✓ wat 'n munisipaliteit moet bewaar vir toekomstige geslagte.✓✓

5.4.3 Die meeste dorpe en stede het geskiedkundige geboue✓✓ of gebiede wat munisipaliteite vir toekomstige geslagte moet bewaar.✓✓

(3 × 4) (12)

[40]

VRAAG 6

6.1
- Dienste soos water, afvalverwydering, riolering en nagvuilverwydering soos deur nasionale wetgewing aan hulle gedelegeer
- Voorkomende dienste soos uiteengesit in die Wet op Gesondheid, soos gesinsbeplanning, versorging van bejaardes en gesondheidsberading
- Voorkoming van VIGS en tuberkulose
- Primêre gesondheidsdienste soos aan plaaslike owerhede gedelegeer

(4 × 2) (8)

6.2 Verstedeliking is 'n verskynsel waarvolgens mense van landelike gebiede na stedelike gebiede beweeg op soek na werk, onderwys, ens. (2)

6.3
- Die President is die hoof van die staat en adviseer die kabinet.
- Wetsontwerpe van die parlement word deur die President geteken voordat hulle amptelik in werking tree.
- Die President keur wette goed wat munisipaliteite toelaat om verordeninge/munisipale regulasies uit te vaardig.
- Die President stel die Minister en Adjunkminister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake aan. (4 × 2) (8)

6.4
- Raadslede wat nie lede van die komitee is nie, verloor belangstelling in die administrasie van die munisipaliteit.
- Die raad is geneig om die uitvoerendegesag-komitee se aanbevelings outomaties goed te keur.
- Lede van die uitvoerende komitee is geneig om raadsvergaderings te oorheers.
- Die meeste aangeleenthede wat voor die raad dien is in finale vorm en nielede het nie veel sê nie.
- Die ampstermyn van lede van die uitvoerende komitee is te lank.
- Die uitvoerendegesag-komitee het nie, soos verwag, daarin geslaag om aktiwiteite van die departemente te koördineer nie. (Enige 3 × 2) (6)

6.5
- Agenda
- Vergadering
- Besluite
- Notule
- Optrede/Aksie
- Verslagdoening (6)

6.6
- Sit voor tydens raadsvergaderings
- Voer pligte uit en oefen bevoegdhede uit soos gedelegeer kragtens die Wet op Munisipale Strukture
- Verseker dat raadslede voldoende kennis van vergaderings ontvang
- Sorg dat die raad minstens kwartaalliks byeenkom
- Handhaaf orde tydens vergaderings
- Ken spreekbeurte toe in ooreenstemming met met die raad se beleid
- Verantwoordelik vir die implementering van die gedragskode
- Stel stemprosedures in werking in ooreenstemming met die ordereëls en onderworpe aan die Wet op Munisipale Strukture
- Sorg vir die implementering van prosedures oor kworums en nakoming van die Wet op Munisipale Strukture
- Word beskou as die hoof van die huis (10)

[40]

VRAAG 7

7.1
- Berge, heuwels, valleie, riviere bepaal wat die ontwikkeling van 'n dorp of stad sal beïnvloed.
- Mense manipuleer fisiese faktore deur ontwikkeling.
- Meer gebiede moet vir ontwikkeling gebruik word om die welsyn van die mense te verbeter.
- Daar moet 'n balans gehandhaaf word tussen bewaring en ontwikkeling.
- Geografiese eienskappe word gebruik om toeriste te lok, bv Tafelberg.
- Toerisme sal inkomste inbring en ekonomiese groei in die gebied stimuleer. (Enige 3 × 2) (6)

7.2 Nkosazana Dlamini-Zuma (2)

7.3
- Om inligting uit te ruil en te evalueer
- Om probleme op te los
- Om botsings uit die weg te ruim
- Om inligting versprei (4 × 2) (8)

7.4
- Munisipaliteite moet toegelaat word om privaat ondernemings te bedryf.
- Die inkomste van die munisipaliteit sal die dienste bepaal.
- Nasionale en plaaslike ekonomiese omstandighede
- Munisipaliteite moet dienste aan privaat ondernemings verskaf sodat hulle in die munisipaliteit belê.
- Beleid kan slegs in werking gestel word as fondse beskikbaar is.
- Mense het behoeftes en verwagtinge waaraan voldoen moet word met 'n skaars hulpbron, naamlik geld. (6 × 2) (12)

7.5
- Munisipaliteite lewer dienste van 'n plaaslike aard.
- Dienste verskil van munisipaliteit tot munisipaliteit.
- Munisipaliteite kan nie gedwing word om dienste te lewer nie.
- Munisipaliteite probeer om die welsyn van die gemeenskap te verbeter.
- Munisipaliteite besluit oor die omvang en tyd vir die lewering van dienste.
- Die behoeftes van die inwoners bepaal die tipe dienste.
- Inwoners moet hul behoeftes aan raadslede bekend maak.
- Raadslede moet ook bewus wees van die behoeftes van die gemeenskap.
- Munisipaliteite neem outonome besluite oor gedelegeerde dienste.
- Inwoners moet vir dienste betaal. (10)

7.6
- Godsdienstige huwelike moet deur munisipaliteite erken word.
- Mense wat aan 'n godsdiensgemeenskap behoort, moet toegelaat word om godsdiens te beoefen saam met ander lede van daardie gemeenskap. (2)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou